# RENOSTER

**deur**

# IONESCO

**Hierdie weergawe is verkort, verwerk en uit Engels vertaal deur**

## STEPHANIE VAN NIEKERK

Kontakpersoon vir kopiereg: stephanie.wordcraft@gmail.com



# RENOSTER deur IONESCO

**Hierdie weergawe is verkort, verwerk en uit Engels vertaal deur**

# STEPHANIE VAN NIEKERK

**Dramatis Personae**

***Jean – puntenerig aangetrek en in beheer van sake***
***Berenger – ongeskeer, deurmekaar hare, verkreukelde pak klere, verwaarloos***
***Kelnerin***
***Kroegman***
***Klante 1 (manlik), 2 en 3 (vroulik)***

*1959. Die stoep van 'n kafee op 'n plein in 'n klein dorpie in Frankryk. Daar is stoele en tafels op die stoep. Die lug is blouskerp. Dit is amper twaalfuur op 'n Sondagmiddag in die somer. Die Kroegman, kelnerin en klante is binne. JEAN kom regs voor in en kies 'n tafel op die stoep. Dan kom BERENGER links voor in. Hy lyk moeg, half aan die slaap en gaap dikwels.*

1. JEAN: (*Terwyl hy gaan sit.*) Jy kry dit toe darem reg om hier uit te kom, Berenger!

2. BERENGER: (*Kom nader.*) Goeiemore, Jean.

3. JEAN: Jy is natuurlik laat, soos gewoonlik. (*Kyk op sy horlosie.*) Ons afspraak was vir elf dertig en dis amper al middag.

4. BERENGER: Ek's jammer. Wag jy al lank?

5. JEAN: Nee. Soos jy kan sien het ek sopas hier aangekom.

6. BERENGER: (*Gaan sit.*) As dit die geval is gaan ek myself nie toelaat om sleg voel nie.

7. JEAN: Ek is anders as jy. Ek hou nie van wag nie: ek het nie tyd om te mors nie. En aangesien jy nooit betyds is nie kom ek aspris laat – op 'n tyd wat ek veronderstel jy moontlik sal opdaag.

8. BERENGER: Jy's reg … heeltemal reg, maar …

9. JEAN: Moet asseblief nie probeer voorgee dat jy ooit betyds is nie!

10. BERENGER: Nee, natuurlik nie … ek sou dit nooit doen nie.

11. JEAN: Nouja, daar het jy dit.

12. BERENGER: Wat drink jy? (*Hy wink die Kelnerin nader.*) Verskoon my!

1. JEAN: Wil jy vir my sê dat jy dié tyd van die oggend alreeds dors is?

2. BERENGER: Dis so warm en droog.

3. JEAN: Hoe meer jy drink, hoe meer wíl jy drink. Dit is ‘n wetenskaplike feit.

4. BERENGER: Dit sou minder droog en ons minder dors gewees het as daar ‘n paar wolke in die lug was.

5. KELNERIN: Wat drink julle vandag?

6. BERENGER: Twee pastis asseblief. (pas-tés)

7. KELNERIN: Twee pastis – reg. (*Sy stap kroeg toe om dit te gaan haal.*)

8. JEAN: (*Bekyk hom van naderby.*) Dit sou jou net mooi niks help as daar wolke was nie. Jy’s nie dors vir water nie, Berenger.

9. BERENGER: Ek weet nie wat jy bedoel nie.

10. JEAN: Jy weet baie goed wat ek bedoel. Ek praat van jou verdorde keel – die gebied wat net nie genoeg kan kry nie!

11. BERENGER: Dis ‘n bietjie verregaande om my keel met ‘n stuk aarde te vergelyk.

12. JEAN: Jy is duidelik in die moeilikheid, my vriend.

13. BERENGER: In die moeilikheid? Dink jy regtig so? (*Hy begin aan sy hare voel.*)

14. JEAN: Ek is nie blind nie, jy weet. Jy val om van uitputting. Jy het alweer nie geslaap nie, jy gaap aanhoudend, jy is doodmoeg …

15. BERENGER: Daar’s iets verkeerd met my hare …

16. JEAN: Jy stink van die alkohol.

17. BERENGER: Ek hét bietjie van ‘n babelas. Ek stry nie.

18. JEAN: Dit is elke Sondagoggend dieselfde ding – om van die ander dae van die week nie te praat nie.

19. BERENGER: Dis nie waar nie. Dit gebeur minder dikwels in die week … as gevolg van die werk.

*Kelnerin sit die drankies en spyskaarte voor hulle neer en gaan aan met haar take.*

20. JEAN: (*Aan Kelnerin.*) Dankie. (*Aan Berenger.*) En wat het van jou das geword? Jy het dit seker gedurende die dronknes verloor!

21. BERENGER: (*Voel na sy das.*) Jy’s reg. Dis snaaks. Wat kon ek daarmee gedoen het?

22. JEAN: (*Haal ‘n das uit sy sak.*) Hier. Sit hierdie een aan.

23. BERENGER: Baie dankie. Dis gaaf van jou. (*Hy begin die das knoop en gee op – dit hang om sy nek.*)

24. JEAN: Jou hare is ‘n gemors. (*Berenger stoot sy vingers deur sy hare. Jean haal ‘n kam uit sy sak.*) Hierso. Hier is vir jou ‘n kam.

1. BERENGER: Dankie. (*Hy neem die kam en trek dit onseker deur sy hare.*)

2. JEAN: Jy het nie eers geskeer nie. Kyk hoe lyk jy! (*Hy haal 'n spieël uit sy sak en gee dit aan.*)

3. BERENGER: (*Neem die spieël en kyk na homself; hy ondersoek terselfdertyd sy tong.*) My tong is aangepak.

4. JEAN: (*Neem die spieël en plaas dit terug in sy sak.*) Dit verbaas my nie! (*Hy neem die kam, wat Berenger na hom uithou, ook terug.*) Jou lewer is op pad uit, my vriend.

5. BERENGER: (*Bekommerd.*) Dink jy regtig so? (*Hy hou die das na Jean uit.*)

6. JEAN: Hou die das. Ek het baie.

7. BERENGER: (*Met bewondering.*) Jy lyk altyd so goed versorg.

8. JEAN: (*Hou steeds inspeksie.*) Jou klere is verkreukel. Dit is 'n skande! Jou hemp is vieslik vuil … en kyk na jou skoene! (*Berenger probeer sy voete onder die tafel wegsteek.*) Jy het nie aan jou skoene geraak nie, het jy? Jy is heeltemal verfoes! Wat het met jou skouers gebeur?

9. BERENGER: Wat's fout met my skouers?

10. JEAN: (*Staan op.*) Draai om! Komaan – draai om! Jy het weer iewers teen 'n muur geleun. (*Berenger hou sy hand gedwee uit.*) Nee, ek het nie 'n klereborsel by my nie; wat moet ek nog alles saamdra? (*Berenger skud sy skouers gedwee af om van die stof ontslae te raak.*) Ek glo dit nie. Waar was jy?

11. BERENGER: Ek kan nie onthou nie.

12. JEAN: Dit is 'n skande, sê ek jou. Ek skaam my om saam met jou gesien te word.

13. BERENGER: Jy's baie hard op my.

14. JEAN: Ek het rede om te wees.

15. BERENGER: Luister, Jean. Daar is so min afleiding in hierdie dorp – ek raak so verveeld. Ek's nie gemaak vir die werk wat ek doen nie … elke dag op kantoor, agt ure per dag – en net drie weke vakansie per jaar! Teen Saterdagaand voel ek totaal uitgeput - jy verstaan tog hoe dit is – ek wil net ontspan.

16. JEAN: Almal moet werk. Ek spandeer ook agt ure per dag op kantoor, net soos al die ander mense. Ek kry ook net drie weke per jaar af. En tog sal jy my nie … Wilskrag, Berenger. Wilskrag!

17. BERENGER: Maar almal het nie soveel deursettingsvermoë soos jy nie. Ek kan nie. Ek kan eenvoudig nie aan die lewe gewoond raak nie.

*'n Geraas word links gehoor. Dit begin van ver af en kom vinnig nader. Die steun-, blaas- en bulkgeluide van groot diere wat storm. Jean en Berenger moet harder en harder praat om gehoor te word.*

1. JEAN: Ons almal moet maar net daaraan gewoond raak. Of sien jy jouself as verhewe bo die res van ons?

2. BERENGER: Ek het nog nooit voorgegee …

3. JEAN: (*Val hom in die rede.*) Ek is enige tyd net so goed soos jy; ek dink … om die waarheid te sê … in alle nederigheid … dat ek waarskynlik beter is. Die meerdere mens is die een wat sy verantwoordelikhede nakom.

*Die lawaai word harder. Albei skreeu om bo die geraas, waarvan hulle nog onbewus is, gehoor te word.*

4. BERENGER: Watter verantwoordelikhede?

5. JEAN: Verantwoordelikhede! As 'n werknemer, byvoorbeeld.

*Die steun-, blaas- en bulkgeluide van swaargewig, logge diere wat teen 'n hoë spoed verbygestorm kom, word nou baie naby gehoor. Die kelnerin, kroegman en klante storm na buite om te kyk wat aangaan. Almal skreeu om bo die klank gehoor te word.*

6. KELNERIN: Wat gaan aan?

7. KLANT 2: Wat is dit? Wat maak so?

8. KLANT 3: Wat kan dit wees? Dit is geheel en al onaanvaarbaar!

*Berenger blyk nie van enigiets bewus te wees nie. Hy reageer lusteloos op die gesprek wat hy met Jean gehad het voordat die lawaai so hard geword het dat mens nie meer kan hoor wat hy sê nie. Ons sien sy lippe beweeg maar hoor nie sy woorde nie. Hy bly beneweld sit terwyl die ander opgewonde reageer.*

9. JEAN: (*Spring op en stamp sy stoel om. Hy kyk en wys na links.*) Renosters!

*Die geblaas, gebulk en geluid van hoewe verdwyn vinnig. Die volgende spreekbeurte volg vinnig opmekaar.*

10. KLANT 1: Renosters!

11. KLANT 3: Hulle word net meer! Dit is geheel en al onaanvaarbaar!

12. KROEGMAN: Renosters!

13. KLANT 1: Hulle word net meer! Hoeveel is daar?

14. JEAN: 'n Hele paar! Definitief 'n hele paar.

15. KELNERIN: Renosters!

16. KLANT 2: Ek glo dit nie!

17. JEAN: Was dit Asiatiese of Afrika renosters? Het hulle een of twee horings?

18. KROEGMAN: Daar was nie tyd om die horings te tel nie.

1. KELNERIN: Hulle word net meer! (*Pouse.*) Nouja, is julle gereed om te bestel? Daar is ongelukkig net brood, patee en kaas.

*Die kroegman en klante draai een-een om en neem weer hulle plekke binne die kafee in.*

2. KELNERIN: Dit word al hoe moeiliker om kos in die hande te kry. Die winkels is geplunder; hulle verslind eenvoudig alles. Baie winkels het al gesluit. Dit staan buite-op geskryf: 'Gesluit as gevolg van transformasie'.

3. JEAN: (*Gaan sit.*) Bring dan maar wat julle het, asseblief.

4. BERENGER: En 'n bottel van julle huiswyn as jy nie omgee nie – rooi.

*Kelnerin gaan die kafee binne.*

5. JEAN: Ek kan net nie daaroor kom nie! Tot 'n paar dae gelede het niemand nog ooit 'n renoster in hierdie land gesien nie.

6. BERENGER: (*Lusteloos.*) Wat daarvan? Daar's 'n eerste keer vir alles.

7. JEAN: Jy moet tog insien dat dit ongewoon is. Hoekom praat jy teë? Jy gee voor dat dit nie gevaarlik is as renosters in die middel van die dorp rondstorm nie. En dit nogal op 'n Sondag. Jy knip nie 'n oog nie. Jy sit en lugkastele bou.

8. BERENGER: Ek's wawyd wakker.

9. JEAN: Wakker of aan die slaap, dit is om't ewe.

10. BERENGER: Daar is tog 'n verskil.

11. JEAN: Dis nie die punt nie.

12. BERENGER: Maar jy't sopas gesê dat wakker wees en slaap dieselfde ding is …

13. JEAN: Jy verstaan nie. Daar is geen verskil tussen droom as jy wakker is en droom as jy slaap nie.

14. BERENGER: Ja, ek droom. Die lewe is 'n droom.

15. JEAN: Jy leef in 'n alkoholwaas, my vriend. (*Pouse.*) Dit behoort nie toegelaat te word nie! Ons moet 'n klag lê by die Stadsraad. Waarvoor is hulle anders daar? (*Berenger gaap.)* Sit jou hand voor jou mond!

16. BERENGER: Ja … ja … ja. Dit behoort nie toegelaat te word nie. Dis gevaarlik. Ek besef dit nou. Maar moet jou nie bekommer nie – ons is veilig hier.

17. JEAN: Ek kan jou netsowel vertel … Jy sal Mnr. Papillon nie more op kantoor aantref nie. Hy is nie meer ons baas nie. Hy het ook in 'n renoster verander.

18. BERENGER: (*Skielik wakker.*) 'n Renoster!! Mnr. Papillon 'n renoster! Ek glo dit nie! Waar hoor jy dit?

1. JEAN: Ek het Dudard vanoggend op pad kerk toe raakgeloop. Hy het my vertel.

2. BERENGER: Mnr. Papillon! Hy sou dit nie opsetlik gedoen het nie. Ek is doodseker dit was teen wil en dank. Dis versriklik! En hy't so 'n goeie pos beklee.

3. JEAN: Botard blykbaar ook.

4. BERENGER: Ek glo dit nie! Botard was daarteen. Dit moet 'n fout wees! Botard het geprotesteer.

5. JEAN: Ek weet hy was daarteen. Maar dit het hom nie gekeer nie – vier-en-twintig uur na Mnr. Papillon. Hy het duidelik van plan verander. Elkeen het seker die reg.

*Kelnerin kom nader gestap met hul bestelling.*

6. BERENGER: Dan kan enigiets gebeur. Enigiets! Hoekom sê jy my nou eers?

7. JEAN: Ek het geweet dit sou jou ontstel. Jy besef tog hoe gevoelig jy is.

*Kelnerin plaas die kos voor hulle neer. Sit gebruikte glase op haar skinkbord, maak ander tafels skoon.*

8. JEAN: (*Aan Berenger.*) Kom – laat ons eet. Dit sal jou kalmeer. Jy sal beter voel. (*Hulle eet.*)

9. KELNERIN: Jy sal bly soos jy is, Mnr. Berenger. Jy moet jou nie bekommer nie. Hoekom jou so ontstel oor 'n paar gevalle van renosteritis? Miskien is dit net nog 'n siekte.

10. BERENGER: Presies! En ek is bang ek steek dit aan.

11. KELNERIN: Dis nie die eerste keer dat daar 'n epidemie uitbreek nie. Dis soos een of ander tipe griep.

12. BERENGER: Hoe weet ek of ek immuun is?

13. JEAN: Dis nie dodelik nie. Party siektes is goed vir 'n mens. Ek is oortuig daarvan dat dit genees kan word. Hulle sal daaroor kom, jy sal sien.

14. BERENGER: Maar dit moet tog sekere newe-effekte hê. So 'n organiese omwenteling moet tog …

15. KELNERIN: Moet jou nie bekommer nie, Mnr. Berenger. Dis tydelik.

16. BERENGER: Is jy absoluut seker?

17. KELNERIN: Ja … ek dink so … wel … ek veronderstel so …

18. BERENGER: Maar as mens regtig nie hierdie siekte wil aansteek nie, en dis tog duidelik 'n senuweesiekte – dan sal jy nie. Jy sal dit eenvoudig nié aansteek nie!

*'n Geraas word regs gehoor. Dit begin van ver af en kom vinnig nader. Die steun-, blaas- en bulkgeluide van groot diere wat naderstorm, vergesel van toeters wat blaas.*

19. BERENGER: (*Skreeu bo die geraas uit.*) Wat is dit? Wat gaan aan? (*Die lawaai word harder.*)

20. JEAN: Nog renosters!

*Die hoefgeluide van swaargewig, logge diere wat teen 'n hoë spoed aangestorm kom, word nou baie naby gehoor. Kroegman en klante storm na buite om te kyk wat aangaan. Almal skreeu om bo die klank gehoor te word.*

1. KLANT 1: Hulle is terug!

2. KROEGMAN: Hoe weet ons dis dieselfde spul as netnou?

3. KLANT 3: Daar's meer as laas keer! Dit is geheel en al onaanvaarbaar!

*'n Muur word omgestoot. Stofwolke bedek die verhoog en omhul die karakters.*

4. KELNERIN: Alles gaan weer vol stof wees!

5. BERENGER: Dis onhigiënies! (*Wys in gehoor in.*) Daar's 'n strooihoed wat deur 'n renosterhoring deurboor is! O, nee! Dis die Logikus se hoed. Dis die Logikus s'n! Nou word dit te erg! Die Logikus het in 'n renoster verander!

6. JEAN: Is jy seker dit is hy? Hy hardloop baie vinnig vir iemand van sy ouderdom!

7. KLANT 1: (*Wys na die gehoor.*) Die renosters stoot die brandweerstasie se mure om!

8. KLANT 2: Jy's reg! Die gebou word gesloop!

9. BERENGER: Liewe Vader! Waarheen kan mens jou draai – na wie? Ek vra julle! Die Logikus - 'n renoster!

10. JEAN: Hy is die enigste renoster met 'n strooihoed op. Dit laat jou dink, nê. Hy het dit tog reggekry om 'n aspek van sy individualiteit behou.

11. KLANT 3: Die brandweermanne kom uit! Kyk net daar! Hulle is almal renosters!

*Vuvuzelas en toeters word tussen die geraas deur geblaas. Sy begin heen en weer stap en raak meer en meer opgewonde. Haar liggaamstaal en bewegings word mettertyd renosteragtig. Sy hoes elke nou en dan en haar stem word progressief heser.*

12. BERENGER: Die brandweermanne, 'n hele regiment renosters, begelei deur … wat maak so?!

13. JEAN: Hulle oorstroom die strate!

14. KLANT 3: Ons moet met die tyd vooruitgaan.

15. KLANT 2: Nog renosters storm uit die binneplein!

16. BERENGER: Nou gaan dit te ver – gans te ver! Ek sal nooit by julle aansluit nie! Nie ek nie!

17. KLANT 1: Hulle vorm een groep! (*Die lawaai verdoof soos die renosters verder hardloop.*)

18. BERENGER: Daar's eenvoudig nie meer genoeg van ons oor nie!

19. JEAN: Hoeveel van hulle het een horing en hoeveel het twee?

20. KLANT 2: Ek verseker jou die statistici is besig om die syfers saam te stel. Daar sal 'n oorvloed geskille onder die hooggeleerdes plaasvind, daarvan kan jy seker wees!

1. BERENGER: Dit gebeur als so vinnig! Daar's nie genoeg tyd vir berekeninge nie!

2. JEAN: Laat die statistici toe om hulle werk te doen.

3. KLANT 3: Ons moet met die tyd vooruitgaan! (*Vuvuzelas en toeters klink verder weg.*)

*Klant 2 begin bekommerd raak oor haar vriendin en probeer haar kalmeer.*

4. BERENGER: Hulle behoort aangekeer en in 'n groot kamp aangehou te word, onder streng toesig.

5. JEAN: Makliker gesê as gedaan. Die dierebeskermingsvereniging sal die eerste wees om kapsie te maak.

6. KROEGMAN: En buitendien het omtrent almal 'n familielid of 'n vriend tussen hulle, wat dit nog moeiliker sal maak.

7. BERENGER: Almal is betrokke.

8. KELNERIN: Almal is in dieselfde bootjie.

9. KLANT 3: Ons moet met die tyd vooruitgaan!!

10. BERENGER: Maar hoe kan mense renosters wees? Ek verstaan dit nie. Ek kan nie aan die idee gewoond raak nie!

11. JEAN: As die Logikus - soos jy sê - 'n ware denker was, sou hy nie weggevoer gewees het nie. Hy sou al die voordele en nadele versigtig opgeweeg het voor die besluit gemaak is. (*Hy onttrek hom van die ander. Jean se transformasieproses begin.)*

12. KLANT 3: (*Skreeu hard en storm regs van die verhoog af agter die renosters aan.*) Ons moet met die tyd vooruitgaan!!!

13. KLANT 2: Nee! Moet dit nie doen nie! Kom terug! (*Sy kyk Klant 3 hulpeloos agterna.*)

14. BERENGER: Met die tyd vooruitgaan! Waar kom dié mentaliteit vandaan? (*Skreeu agter die eks-Logikus en die ander renosters, wat al wegbeweeg het, aan.*) Ek sal nooit by julle aansluit nie! Nooit nie!

*Kroegman, Kelnerin en Klante 1 en 2 staan en sit verslae rond.*

15. KLANT 2: Daar gaan nog een – en sy was een van my beste vriendinne.

16. KROEGMAN: My neef is nou 'n renoster. Sy vrou ook. Om nie eers te praat van vooraanstaande persoonlikhede soos die Kardinaal van Retz nie …

17. BERENGER: 'n Biskop!

18. KLANT 1: … en etlike lede van die aristokrasie. Die Hertog van St. Simon.

19. BERENGER: Al ons groot name!

20. KROEGMAN: En ander. Baie ander. Miskien 'n kwart van die mense op die dorp.

1. JEAN: (*Praat eintlik met homself.*) Mens raak gewoond daaraan, jy weet. Niemand is eintlik meer verbaas om troppe renosters deur die strate te sien gallop nie. Hulle staan net eenkant toe en gaan dan voort asof niks gebeur het nie.

2. BERENGER: Hulle is steeds in die minderheid.

3. KELNERIN: Hulle is ‘n baie groot minderheid, wat besig is om groter en groter te word.

4. BERENGER: Ons is steeds in die meerderheid. Ons moet dit tot ons voordeel gebruik. Ons moet iets doen voor ons oorstroom word.

5. JEAN: Ek wonder of mens dit nie moet probeer nie?

6. KROEGMAN: (*Aan Kelnerin.*) Ons het werk om te doen. (*Hulle gaan die kafee binne.*)

*Klante 1 en 2 gaan sit by ‘n tafel. Hulle luister en reageer nou en dan op die gesprek.*

7. BERENGER: Dis tyd vir middagete, Jean. Jy’t omtrent nog niks geeët nie.

8. JEAN: Ek voel nie honger nie – of liewer, om eerlik te wees, nie vir hierdie kos nie. Ek is lus om die gras te gaan eet.

9. BERENGER: Dit moet jy nie doen nie. Dink aan die risiko wat jy loop.

10. JEAN: Ek bedoel dit.

11. BERENGER: Die mens is die renoster se meerdere.

12. JEAN: En het ek gesê hy is nie? Maar ek stem ook nie heeltemal met jou saam nie. Ek weet een ding; met ervaring kom insig.

13. BERENGER: Jy is ook besig om in te gee, Jean. Dis net ‘n verbygaande fase wat jy gaan berou.

14. KLANT 1: As dit net ‘n verbygaande fase is, is daar geen groot gevaar nie. (*Die transformasie-proses begin ook vir Klant 1*.)

15. JEAN: Ek het sekere gewetensbesware! Ek voel ‘n verantwoordelikheid om by my werkgewers en vriende te staan, deur dik en dun. Daar’s omtrent niemand by die kantoor oor nie!

16. BERENGER: Dis nie asof jy met hulle getroud is nie!

17. JEAN: Ek het die huwelik verwerp. Ek verkies die groot universele familie bo die klein huislike soort.

18. BERENGER: En wat van my? Is ek nie jou vriend nie?

19. JEAN: Jy gaan binnekort die enigste een wees wat oor is. Stoksielalleen!

20. KLANT 2: Ons sal na jou verlang, Meneer Jean, maar ons kan niks daaraan doen nie.

21. JEAN: Dit is my plig om by hulle te staan. Ek moet my plig doen.

1. BERENGER: Jy's verkeerd. Jou plig is om … jy sien nie jou ware plig raak nie … jou ware plig is om hulle teen te staan, met 'n ferm, helder gemoed.

2. JEAN: Ek sal my gemoed ferm en helder hou. (*Hy begin vinniger en in sirkels rondbeweeg en sy bewegings is nou totaal en al renosteragtig. Sy stem raak al hoe meer hees*.) Helderder as ooit. Maar as jy gaan kritiseer beter jy dit van binne af doen. Ek gaan hulle nie in die steek laat nie. Ek sal hulle nie prysgee nie.

*Ons hoor weer 'n ent weg, links, die klank van hoewe, bulkgeluide, snorkgeluide, vuvuzelas en toeters wat blaas. 'n Groter hoeveelheid renosters is besig met 'n stormloop.*

3. KLANT 1: Hy het 'n goeie hart.

4. BERENGER: Hy's té goedhartig. (*Aan Jean.*) Jy maak 'n fout! (*Aan die ander.*) Moet hom nie laat gaan nie. Hy maak 'n fout. Hy's 'n méns!

5. KLANT 2: Wat kan mens doen?

*Die lawaai kom weer nader. Jean storm 'n paar keer in 'n sirkel om die verhoog en dan links af. Die ander spring op en die kelnerin en kroegman hardloop uit. Hulle volg hom met hul oë die gehoor in.*

6. BERENGER: (*Skreeu agterna.*) Kom terug, Jean! Jy's my beste vriend! Ek's lief vir jou!

7. KROEGMAN: Moenie weggaan nie! Meneer Jean!

8. KELNERIN: Moet dit nie doen nie! Kom terug!

9. BERENGER: (*Pouse.*) Dis te laat. Te laat. (*Die lawaai sterf vinnig weg.*)

10. KLANT 1: Daar was niks wat ons kon doen nie.

11. BERENGER: Hy't hom by hulle aangesluit. Waar's hy nou? Kan julle hom sien?

12. KELNERIN: Hy's tussen hulle in.

13. BERENGER: Waar? Watter een is hy?

14. KROEGMAN: Hoe sal mens weet? Hy's nou onherkenbaar.

15. BERENGER: Hulle lyk almal dieselfde. Almal onherkenbaar dieselfde! Onherkenbaar dieselfde! (*Hy gaan sit moedeloos met sy kop in sy hande. Klant 1 bly renosteragtig aan die beweeg. Die ander staan hulpeloos en toekyk terwyl die ligte stadig uitdoof.*)

# DIE EINDE